Jesus roep my

# Ek is die opstanding en die lewe

## Bybelteks

*Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf; en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie ..."*

**– Johannes 11:25-26**

## Kernwaarheid

**Wie in Jesus glo, het die ewige lewe.**

**WELKOM**

Het jy dit reggekry om doodstil te lê terwyl julle "Word wakker" gespeel het?

**WONDER**

- Lasarus het twee susters gehad. Wat was hulle name?
- Wat het Jesus gedoen toe hy hoor sy vriend Lasarus is siek?
- Wat het Jesus gesê toe Hy later by Lasarus se graf was?
- Wat het toe gebeur?

**WEES**

Dink aan hoe jy en jou maatjies soos mummies toegedraai was. Dit sal jou help onthou dat Jesus vir Lasarus weer lewendig gemaak het.

**WEGSTUUR**

Vertel vir jou huismense die storie van Lasarus.

# Kleur hierdie prentjie in.

